



higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT **FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N5**

(4090495)

2 Desember 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

**DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
 2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
 3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
 4. Trek 'n lyn regoor die bladsy na elke voltooide vraag.
 5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
 6. Waar nodig, gebruik fisiese eenhede
 7. Skryf netjies en leesbaar.
-

VRAAG 1: JOERNALE EN BANKREKONSILIASIESTATE

1.1 'n Bankrekonsiliasiestaat met op 'n maandelikse basis deur 'n boerderyonderneming opgestel word.

1.1.1 Gee redes waarom daar 'n verskil tussen die bankstaatsaldo en die saldo uit die onderneming se boeke kan wees.  (3)

1.1.2 Gee 'n uiteensetting van die VIER stappe wat gevolg moet word wanneer 'n bankrekonsiliasiestaat opgestel word. (4)

1.2 Die totaal van die kontantbetalingsjoernaal is R40 000 en die totaal van die kontantontvangstejoernaal is R57 000. Veronderstel daar is geen uitstaande betalings en ontvangste nie.

Hoeveel sal jy verwag om aan die kredietkant van die bankstaat te sien? (2)

1.3 Die transaksies hier onder is onttrek uit 'n sekere pluimveeprojek by 'n boerderyonderneming vir die maand geëindig Desember 2017: 

Datum	Besonderhede
1	Begin die projek met R100 000 uit die plaas se spaarrekening. Kwitansie no. 0001
1	Koop boumateriaal by Cashbuild vir R25 000 kontant. Kwitansie xv45
1	Koop dakplate by BuildIn vir R10 000 op rekening. Kwitansie 2332Q
7	Betaal weeklikse lone R8 000. Tjek no. 225
8	Koop elektriese materiaal vir R3 000. Tjek no. 13 
8	Betaal krediteur BuildIn R5 000. Tjek no. 226
9	Koopdagoudkuikens vir R6 000 by Day Breeders. Tjek no. 227
10	Koop voer, entstof en aanvullings vir R10 000 by Day Breeders op rekening. Kwitansie H225
12	Boer leen R3 000 uit die projek vir dringende persoonlike behoefte. Tjek no. 228
16	Betaal krediteur BuildIn R5 000. Tjek no. 229
17	Betaal weeklikse lone R8 000. Tjek no. 230
18	Betaal krediteur Day Breeders R4 000. Tjek no. 231 
19	Boer betaal die R3 000 wat hy geneem het, terug. Kwitansie xv46
21	Ontvang 'n lening van R30 000 van BNF bank as 'n direkte deposito.
23	Betaal water-en-elektrisiteitsrekening vir die projek R3 000 kontant.
27	Koop voer en entstof vir R4 000 by Day Breeders op krediet. Kwitansie H245
28	Betaal weeklikse lone R8 000. Tjek no. 232

Teken die transaksies hier bo op in die joernale wat hier onder genoem word:

1.3.1	Kontantbetalingsjoernaal	(16)
1.3.2	Krediteurejoernaal 	(5)
		[30]

VRAAG 2: ONTLEDING EN INTERPRETASIE VAN BOERDERYRESULTATE

- 2.1 Noem SES verskillende tipes ontledings wat op 'n boerderyonderneming uitgevoer kan word. (6)
- 2.2 Verduidelik kortliks wat met die term *vergelykende evaluering* bedoel word. (3)
- 2.3 Solvensie- en likiditeitsverhoudings – ongeag hoe goed hulle lyk – moet nie oorweeg word soos dit lyk nie. Bepaalde bykomende faktore moet ook in aanmerking geneem word om te verseker dat die ontledings heeltemal akkuraat is. 
- Noem enige vyf faktore wat in aanmerking geneem moet word om te bepaal of die solvensie- en likiditeitsverhoudings akkuraat is. (5)
- 2.4 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.4.1–2.4.6) in die ANTWOORDBOEK neer.
- 2.4.1 'n Hoër netto kapitaalverhouding is minder gunstig as 'n kleiner netto kapitaalverhouding omdat dit op groter risiko vir kapitaaluitleners dui.
- 2.4.2 Likiditeitsverhoudings dui op die posisie van die onderneming slegs soos op datum van die balansstaat, omdat dit op enige tydstip gedurende die jaar kan verander. 
- 2.4.3 Die vuurproefverhouding is 'n inkomstestaat-ontleding wat belangrik is om winsgewendheid te ontleed.
- 2.4.4 Eksterne norme is die beste prestasiekriterium, omdat dit die relatiewe mededingendheid van die boer met die* van sy bure aantoon.
- 2.4.5 'n Verhouding van R25 NBI per R100 BPW toon dat vir elke R100 van BPW, R75 gebruik word om vir 'n boerdery se PMA-koste te betaal. 
- 2.4.6 Vergoeding tot buitelandse kapitaal per R100 BPW is 'n verhouding wat moontlike bottelnekke in betalings van verskaffers van buitelandse kapitaal kan aantoon.
- (6 × 1) (6)

- 2.5 'n Bepaalde gemengdeboerdery-onderneming in Suid-Afrika wil die prestasie van sy twee hooftakke van gewas- en diereproduksie vergelyk.

Die volgende is die relatiewe bruto produksiewaardes van die verskillende ondernemings op die plaas vir die jaar geëindig 30 June 2017:

Mielies	R80 000
Wol	R50 000
Perskes	R60 000
Koring	R35 000
Vleis (Beeste en skape)	R70 000
Appelkose	R40 000
Braaihoenders	R25 000

Kopieer en voltooi die tabel hier onder:

Ontleding van die samestelling van die BPW		
	BPW	% van BPW
Gewasse	?	?
Vee	?	?
Totaal	?	

(5)

- 2.6 Benewens die BPW-waardes wat in VRAAG 2.5 hier bo verstrekkend is, is die volgende ook 'n uittreksel van die koste vir dieselfde boerderyonderneming:

Brandstof en olie	R12 000
Voer	R24 000
Saad, misstof en plaagdoders	R11 000
Rente op lening	R7 000
Herstelkoste en instandhoudingskoste	R15 000
Lone	R40 000
Depresiasie	R20 000
Grondhuur	R35 000

Bereken die volgende en toon ALLE eenhede en formules waar van toepassing:

- 2.6.1 Totale produksie-, bemarkings- en administratiewe koste per R100 Bruto Produksiewaarde (BPW)

(5)

2.6.2 Netto boerderyinkomste (NBI) per R100 BPW (4)

2.6.3 Lewer kommentaar op die betekenis van jou antwoorde op die verhoudings in VRAAG 2.6.1 en 2.6.2.  (2)

2.7 Die volgende syfers is uit die boerderyonderneming se sluitingsbalansstaat vir die jaar geëindig 31 Junie 2017 verkry.

Beskrywing	2017
Bedryfsbates	R35 000
Bedryfslaste	R28 000
Roerende bates	R160 000
Mediumtermynlaste	R80 000
Beleggings	R40 000
Langtermynlaste	R140 000
Vaste bates	R350 000
Waarde van gehuurde grond	R100 000



2.7.1 Bereken die bedryfsverhouding van die plaas vir die jaar en toon ALLE eenhede, formules en berekenings. (4)

2.7.2 Bereken die netto kapitaalverhouding van die plaas vir die jaar en toon ALLE eenhede, formules en berekenings. (4)

2.7.3 Bereken die skuldverhouding van die plaas vir die jaar en toon ALLE eenhede, formules en berekenings.  (4)

2.7.4 Verduidelik, en gee 'n rede, of dit nodig was om sowel die skuldverhouding as die netto kapitaalverhoudings te bereken om die solvensieposisie van die boerderyonderneming te bepaal? (2)

[50]

VRAAG 3: AANVULLENDE BEGROTINGS

3.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1.1 Watter van die volgende stellings oor begrotings is korrek?

1. 'n Begroting dwing 'n boer om vooruit te beplan. 
2. 'n Begroting verseker dat die verskillende aktiwiteite op die plaas gekoördineer word.
3. 'n Begroting stel 'n boer in staat om beheer uit te oefen deur te kontroleer of besteding volgens plan verloop.
4. Die akkuraatheid van 'n begroting hang af van die korrektheid van die hoeveelhede en pryse wat gebruik word.

- A Slegs 1 is korrek. 
B Slegs 1 en 2 is korrek.
C Slegs 3 en 4 is korrek.
D 1, 2, 3 en 4 is korrek.

3.1.2 Gegewe dat die BPW en die direk toewysbare veranderlike koste vir 'n spesifieke produksietak onderskeidelik R20 000 en R10 000 is, is die bruto marge ...

- A R30 000.
B R10 000.
C R200 000.
D R2.

3.1.3 Die gelykbreekpunt is die punt waarteen ...

- A 'n boerderyonderneming maksimum wins maak.
B die verlies op sy hoogste is.
C Die grafiek van totale koste dié van totale BPW sny.
D Die boerderyonderneming op sy hoogste vlak produseer.

3.1.4 Die tydwaarde van geld is 'n belangrike konsep in kapitaalbegroting, omdat dit verseker dat ... 

- A R100 wat vandag belê word, een jaar later dieselfde waarde sal hê.
B R100 wat vandag belê word, een jaar later waarde sal verloor.
C R100 wat vandag belê word, een jaar later in waarde sal styg.
D R100 wat vandag belê word, een jaar later R50 sal wees.

3.1.5 Die volgende is aanvullendembegrotings, behalwe:

- A Takbegrotings 
B Kapitaalbegrotings
C Geïntegreerde plaasbegrotings
D Kontantvloieibegrotings

- 3.2 Die volgende is die kontantvloei van twee verskillende projekte deur 'n voornemende boer.

PROJEK A		PROJEK B	
Kapitaalbelegging	Jaarlikse kontantvloei	Kapitaalbelegging	Jaarlikse kontantvloei
R100 000	Jaar 1 – R25 000	R100 000	Jaar 1 – R30 000
	Jaar 2 – R30 000		Jaar 2 – R35 000
	Jaar 3 – R35 000		Jaar 3 – R40 000
	Jaar 4 – R50 000		Jaar 4 – R30 000



- 3.2.1 Bereken die terugbetalingstydperk van die TWEE projekte en toon ALLE eenhede, formules en berekenings. (3 × 2) (6)
- 3.2.2 Watter EEN is die beste projek op grond van die terugbetalingstydperke hier bo? Motiveer jou antwoord. (2)
- 3.2.3 Gee enige TWEE nadele van die terugbetalingsmetode wat in kapitaalbegroting gebruik word. (2)
- 3.3 Noem die omstandighede wat daartoe kan lei dat 'n boerderyonderneming 'n gedeeltelike begroting moet opstel. (6)
- 3.4 Stel 'n gelykbreekbegroting op om te bepaal hoeveel hektaar mielies jaarliks geoes kan word om die aankoop van 'n dorsmasjien te regverdig, eerder as om 'n kontrakoesmetode te gebruik. Die volgende inligting is beskikbaar:

BESKRYWING	KOSTE
Koste van kontrakteur	R500 per hektaar
Rente	R15 000 per jaar
Diesel- en instandhoudingskoste	R120 per hektaar
Koste van operateur	R200 per hektaar
Depresiasiekoste	R20 000 per jaar
Versekering	R8 000 per jaar

(8)

- 3.5 Verduidelik kortliks die volgende komponente van 'n takbegroting:

- 3.5.1 Parametriese ontleding van marge bo gespesifiseerde koste
- 3.5.2 Maandelikse transaksievloei
- 3.5.3 Kalender van aktiwiteite

(3 × 2) (6)

[40]

VRAAG 4: KAPITAALVEREISTES, -VORMS EN -BRONNE

4.1 Noem die faktore wat dit vir kredietverleners moeiliker maak om leningskapitaal aan boere te verskaf, vergeleke met sakeondernemings in ander nywerhede. (9)



4.2 Bespreek hoe die grootte van 'n boerderyonderneming en die produksietegnieke wat gebruik word die omvang van die boerderyonderneming se kapitaalvereistes kan beïnvloed. (3 × 2) (6)

4.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item/n woord/n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.3.1–4.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.3.1	Kapitaal wat deurlopend aan 'n onderneming beskikbaar is	A	mediumtermynleningskapitaal
		B	tydelike kapitaal
4.3.2	Fluctuating kapitaal wat deur veranderende toestande beïnvloed word	C	buitelandse kapitaal
		D	permanente kapitaal
4.3.3	Kapitaal wat aan 'n boer geleen word vir 'n tydperk van twee tot tien jaar	E	eie kapitaal
		F	aankoopkapitaal
4.3.4	Totale kapitaal wat uit eksterne bronne verkry word		
4.3.5	Ook bekend as risikokapitaal		

(5 × 2) (10)

4.4 Verduidelik kortliks die TWEE nadele van handelskrediteure as 'n bron van leningskapitaal vir 'n boerderyonderneming. (2 × 2) (4)



4.5 Noem enige VYF gebruike van 'n verbandlening. (5)

4.6 Onderskei tussen *langtermynleningskapitaal* en *korttermynleningskapitaal*. (4)

4.7 Gee TWEE gebruike vir elke tipe leningskapitaal wat jy in VRAAG 4.6 hier bo genoem het. (2 × 2) (4)

4.8 Noem enige AGT opskrifte wat deur die Landbank se leningsbeleid gedek word. (8)

[50]

VRAAG 5: DIE FINANSIERINGSBELEID VAN 'N BOERDERYONDERNEMING

- 5.1 Omskryf die term *ontwikkeling van veerkragtigheid*.  (4)
- 5.2 Noem die voordele daarvan om meer eie kapitaal in 'n boerderyonderneming te belê, eerder as leningskapitaal. (4)
- 5.3 Veronderstel dat 'n bepaalde boerderyonderneming totale bates van R350 000 het. Die bank beraam dat die onderneming maksimum skuld van R120 000 kan bekostig. 
Bereken die voldoende eie kapitaal wat aan die onderneming beskikbaar is, en toon ALLE bewerkings en formules. (4)
- 5.4 Wanneer bates met leningskapitaal gekoop word, moet die leningskapitaal met die gebruikstydperk van die bates gepas word.
- 5.4.1 Bespreek die bostaande stelling en dui duidelik aan of jy daarmee saamstem of daarvan verskil.  (3)
- 5.4.2 Gee tipiese voorbeelde van die verskillende tipes leningskapitaal en die tipes bates wat dit kan finansier. (3 × 2) (6)
- 5.5 Wat sal die bank benodig om inligting oor 'n plaas se toekomstige finansiële prestasie te verkry?  (3)
- 5.6 Adviseer 'n boer wat vir krediet wil aansoek doen oor DRIE faktore wat 'n risiko vir haar terugbetalingsvermoë kan inhou. (6)

[30]**TOTAAL: 200**